

# Die Christelike Vrou

Christen-vrouwees vandag



Amptelike mondstuk van die NHSV



Mei 2019

## Geen einde aan hoop nie

Hierdie sinnetjie sê baie. Soms voel dit egter nie waar nie. Dit voel soms of die lewe so hopelòs geword het - ons weet almal hoe stukkend die wêreld is. As mens op die [Bybelgenootskap van Suid-Afrika se webwerf](#) die woord *hoop* opsoek, kom dit 139 keer voor.

### Stories van Hoop

Vir 10 jaar lank was Katie Renshaw van Brittanje aan 'n rolstoel vasgekluis. Met haar serebrale verlamming het almal gedink dat dit heel moontlik haar lot in die lewe sou wees. Drie jaar gelede het sy egter 'n nege-uur-lange operasie ondergaan om haar voete en bene reguit te maak. Hierna het intense fisioterapie sessies gevolg. Groot was almal se verbasing toe sy verlede jaar haar eerste tree gee.

God munt uit daarin om die onmoontlike in ons lewens moontlik te maak. Ons sien dit regdeur die Bybel. Abraham was 100 jaar oud toe hy pa geword het. Josef was die een dag nog 'n gevangene; die volgende was hy onderkoning van Egipte. Gideon was die jongste kind uit 'n "swak" familie, maar God het hom gekies om 'n bekwame Rigter van Israel te wees. Ester, 'n weeskind, is as koningin van 'n vreemde land gekies, waarna God haar gebruik het om die Jode van uitwissing te red.

Watter situasie in jou lewe staan soos 'n reus voor jou? Benodig jy die herstel van jou huwelik of dalk 'n gebroke verhouding met 'n familielid of vriend? Bid jy vir verlossing van 'n verslawing? Benodig jy liggaamlike genesing? Of smag jy dalk daarna om 'n huweliksmaat te ontmoet of self swanger te word?

In Jeremia 32:17 lees ons: "Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?" In Lukas 18:27 sê Jesus: "Wat vir die mense onmoontlik is, is vir God moontlik." In Efesiërs 3:20-21 staan geskryf: "Aan Hom wat deur Sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe . . ."

Katie het gedroom daarvan om self te stap. Hierdie droom is totaal oortref toe sy nie net self kon stap nie, maar genooi is om as model op een van die gewildste loopplanke ter wêreld - die Londen Modeweek - te kon stap! Wanneer God ingryp in ons lewens, werk dit baiekeer op dieselfde beginsel. Hy gryp in en bewys aan ons Sy grootheid en liefde - ver meer as wat ons kan bid of dink. Mag ek jou aanmoedig om Hom te bly vertrou - al raak dit ook hoe moeilik!

Groete tot volgende maand.

Hannelie



# NHSV in pas met nuutste tegnologie!

Mari-lizé Beukes

Op 18 Februarie 2006 is 'n nuwe era ingelui vir die NHSV met die ingebruikneming van ons eerste webblad. Die behoefte aan 'n eie webblad vir die NHSV het reeds vanaf 2002 begin posvat en verskeie vergaderings het plaasgevind tussen verskillende rolspelers in die kerk en die NHSV, ten einde 'n behoeftebepaling te doen. Beplanning rondom die uitleg van die webblad en watter inligting daarop sou verskyn, het intensief plaasgevind om sodoende 'n finale voorlegging te kon doen vir goedkeuring.

Elkebladsy waarop gekliksou word, se inligting moes van nuuts af saamgestel word met tersaaklike grafika en foto's. Boeke voorheen gepubliseer deur die NHSV en historiese notules van die NHSV Hoofbestuur is nagegaan om te verseker dat alle inligting akkuraat is. Foto's uit die NHSV se argiewe is gebruik as historiese toeligting en meer onlangse foto's is bygevoeg vir 'n eietydse aanslag. Dit was komplete asof ons 'n nuwe boek geskryf het oor wie die NHSV is, waarmee sy haar besig hou, hoe sy lyk, wat haar geskiedenis is, wanneer sy tot stand gekom het en waar 'n mens haar vandag sou vind - al hierdie inligting is saamgevoeg, maar vir toeganklike publikasie op die internet!



Historiese tydlyn van die ontstaan en ontwikkeling van die NHSV se webblad

- **September 2002:** Behoefte om groter prominensie aan die NHSV en *Die Christelike Vrou* op die kerk se webblad te verkry.
- **Februarie 2003:** Eerste vergadering word gehou tussen die verskillende rolspelers om bepaalde strategiese behoeftes wat die NHSV ten opsigte van kommunikasie en die effektiewe verspreiding van inligting het, te bespreek.
- **Mei 2003:** Vraelyste word aan al die NHSV takke gestuur om 'n behoeftebepaling te doen, ten einde te verseker dat die webblad aktueel en taakgerig op die NHSV se werk sou wees en ook 'n aanslag eie aan die aard, identiteit en etos van die NHSV sou hê.
- **Maart 2005:** Die naam [www.nhsv.co.za](http://www.nhsv.co.za) word amptelik as webdomein geregistreer.
- **Julie 2005:** Tydens die nasionale NHSV kongres in 2005 is 'n konseptuele voorlegging aan die kongres gedoen van die webbladontwerp, om sodoende aan die kongresgangers 'n idee te gee hoe die NHSV se voltooide webblad daar sou uitsien.
- **Augustus 2005 tot Januarie 2006:** Die NHSV se webblad kry stelselmatig gestalte en al die bestaande inligting van die NHSV word verwerk om op die webblad geplaas te word.
- **15 Februarie 2006:** Na twee weke se toetslopie word amptelik oorgeskakel na die lewendige webblad.
- **18 Februarie 2006:** Die NHSV webblad word amptelik oorhandig tydens 'n NHSV hoofbestuursvergadering.
- **Mei 2010:** Met die NHSV se 70-jaar feesviering is die NHSV-logo met die 70-jaar motief op die webblad se mashoof geplaas.
- **September 2010:** Aangesien die NHSV nie 'n kommersiële maatskappy is nie, word besluit om die webdomein te verander na [www.nhsv.org.za](http://www.nhsv.org.za) - wat ook meer gepas is vir 'n kerklike organisasie soos die NHSV. Riglyne vir webdomeine stel ook die uitbreiding .org.za voor vir organisasies met barmhartigheid as hoofdoel in Suid-Afrika.
- **Januarie 2011:** Daar word ondersoek ingestel na plaaslike diensverskaffers vir die herontwerp van die webblad. Plaaslike diensverskaffers kan ook meer effektiewe opleiding verskaf vir die nuwe instandhoudingsfunksie.
- **Februarie 2011:** Monumenttehuise, wat voorheen deel was van die NHSV se webblad, kry 'n nuwe webtuiste by [www.otmt.org](http://www.otmt.org).
- **Junie 2011:** Die nuwe [www.nhsv.org.za](http://www.nhsv.org.za) word amptelik in gebruik





geneem met 'n nuwe voorblad en afdelings. Delitech IT Solutions hanteer die registrasie van die nuwe webdomein en die oorskakeling vanaf die ou na die nuwe webblad met bestaande en nuwe inligting.

- **Mei 2017:** Die NHSV kantoor se e-pos adresse word vanaf @nhk.co.za na @nhsv.org.za oorgeskakel en e-pos adresse word gekoppel aan die webblad.
- **April 2018:** Tydens 'n NHSV dagbestuursvergadering word besluit om die webblad van die NHSV oor te skakel na 'n *Wordpress* formaat, sodat die webblad op 'n slimfoon gelees kan word.
- **September 2018:** 'n Voorlopige ontwerp van die nuwe webblad word goedgekeur tydens 'n NHSV hoofbestuursvergadering.
- **November 2018:** Toetsing op die nuwe webblad vind plaas.
- **Januarie 2019:** 'n Nuwe webblad met 'n unieke aanslag en 'n meer vaartbelynde voorkoms word geïmplementeer.

Binne 'n periode van 13 jaar het die NHSV se webblad 2 keer verander vanaf die oorspronklike ontwerp: telkens met 'n nuwe en unieke voorkoms om by die nuutste tegnologie aan te pas. Onderafdelings is gekonsolideer om die nuutste weergawe van die NHSV se webblad meer toeganklik te maak, sodat inligting makliker gevind kan word. Die NHSV se webblad is sakpas vir enige selfoon en baie maklik om te gebruik.

Die elegante en vroulike aanslag behoort dadelik die aandag van enige voornemende leser te trek! Die hartklop van die NHSV word hier toegelig met verskeie projekte op die vele terreine van barmhartigheid. Ons elektroniese tydskrifte vir vrouelidmate is hier beskikbaar in aflaaibare formaat of net vir lekker-lees terwyl die webblad deurgeblai word. [Die Christelike Vrou](#) verskyn maandeliks met aktuele artikels vir elke vrou en [Vroueflitse](#) verskyn kwartaalliks met geestelike toerusting vir alle vrouelidmate. Ons Tuis- en Monument-tehuse se nuwe webblad [www.onstuis-otmt.org.za](http://www.onstuis-otmt.org.za) kan gevind word by die onderafdeling Skakels. Gaan maak gerus 'n draai by [www.nhsv.org.za](http://www.nhsv.org.za) en loop saam op die pad van die NHSV in die Kerk!

012 325 0117

admin@nhsv.org.za



Tuis Oor die NHSV ▼ Dokumentasie ▼ Publikasies Skakels Kontak ons



## AGL OPERA

AGL Opera is 'n onafhanklike en privaat opera-maatskappy met geen verbintenis aan Kaapstad Opera nie. Dit is 'n opera-maatskappy wat gestig is met die fokus om jong talent te ontwikkel en gemeenskappe te bou. Gebore uit 'n lewenslange passie vir opera, is hierdie maatskappy besig om die manier waarop opera in Suid Afrika opgevoer word, te verander - Opera Above Ground Level (AGL). Klassieke musikante vanoor die hele Kaapstad gee hulle tyd en talente gratis ter wille van die sosiale welstand van Suid-Afrikaners.

AGL is deurlopend opsoek na nuwe, vars en alternatiewe maniere om pragtige opera te skep en hoop regdeur Suid Afrika te bring. Die groep is passievol oor opera en weet baie goed watter impak opera op die menslike psige het. Daarom strew hulle daarna om spirituele bewustheid na hulle gehore te bring, kreatiwiteit en uitnemendheid te stimuleer en hoop te bring. In 2012 is 'n onderwys en opleidingstak van AGL in Darling aan die Weskus gestig. Hulle doel is ook hier om belowende jong sangers en dirigente te ontwikkel.

Opera in Darling se nuutste produksie is *Così Fan Tutte*, Mozart se komiese meesterstuk en wil teatergangers weer laat dink oor wat dit beteken om mens te wees. Die oorspronklike werk is verwerk tot die basiese musikale inhoud wat deur slegs ses sangers uitgevoer en begelei word nie deur 'n volle orkes nie, maar deur 'n pianis alleen. Dit het 'n hedendaagse storielyn sonder verhoogstel en kostuums; rekwisiete is ook tot 'n minimum beperk. Hierdie tipe produksie maak dit ideaal vir 'n klein dorpie. Opera in Darling het egter vlerke gekry en gereis na Oudtshoorn, Mosselbaai, Greyton, Stellenbosch, Vredenburg, Elgin en selfs na London, na 'n byderwetse teater met die naam *The Tricycle*. Sangers wat in hierdie produksie opgetree het, kom uit die beste studente en onlangs gegradueerdes van die Universiteit van Kaapstad en sy wêreldberoemde operaskool.

Op 13 April het die uitstekende groep musikante van AGL Opera die produksie *A Symphony of Prayers* na die historiese kerkgebou van gemeente Paarl gebring. Die groep is almal professionele musikante. Enkele van die items op die program was: *Jerusalem/Die Heilige Stad* gesing deur die uitvoerende direkteur van AGL, Johannes van Staden-Slabbert, *Agnus Dei* (ook deur Johannes) en *I'll walk with God* (Raimondo van Staden-Slabbert). Dit was hulle tweede opvoering en met die twee optredes het hulle sover altesaam meer as R10 000 vir die twee instansies ingesamel.

Op *Die Christelike Vrou* se nuwe [YouTube-kanaal](#) gaan ons van tyd tot tyd onder andere meer van AGL se video's laai.

Gemeentes kan Johannes van Staden-Slabbert direk kontak by [Johannes@aglopera.com](mailto:Johannes@aglopera.com) of 071 330 2459. Gaan kyk gerus ook op hulle webwerf watter produksies in die pyplyn is by [www.aglopera.com](http://www.aglopera.com)

Gemeentes of instansies wat fondse met behulp van Opera AGL insamel, moet dit verkieslik nie gebruik vir die spesifieke gemeente of instansie nie, maar eerder aan gemeenskapsprojekte waarby die gemeente of instansie betrokke is. AGL Opera sal graag dié inisiatief nasionaal wil uitbrei.







[Drakenstein Hospice se webblad](#) verklaar hulle missie en visie as volg:

**Mission:** "To provide professional palliative care to address the physical, emotional, social, information and cultural needs of persons infected with and affected by a life-threatening illness or life-limiting condition within the Drakenstein District."

**Vision:** "Professional palliative care promoting quality of life. No end to hope."

"No end to hope." Hoe perfek pas dit nie aan by die NHSV se tema vir hierdie jaar nie! Soos alle organisasies wat hulp verskaf aan mense in nood, is daar maar altyd fondse nodig. Een van die maniere tot beskikking van Hospice-takke is dat daar oral Hospice-winkels is waarmee geld ingesamel word.

Hier is 'n paar idees oor hoe Hospice ondersteun kan word:

1. Maak 'n skenking! Wanneer ons goedere in ons huis nie meer gebruik nie, heg ons sentiment daaraan en stoor dit in die motorhuis. Dit is soms die grootste probleem van skoonmaak. Die Hospice-winkels se rakke staan leeg en ons rakke propvol. Kom ons wees eerlik, ons gaan daardie goedere nooit weer gebruik nie. Skenk dit liever aan Hospice.
2. Stap daar rond en laat die kreatiewe ratte draai. Koop 'n mandjie by 'n Hospice-winkel — hulle kos gewoonlik tussen R20 en R50. Ou mandjies kan oorgeverf en mooi gemaak word met lap. Gebruik oorskiet lap en draai 'n groot, breë strik om die mandjie. Nou het jy 'n nuwe wasmandjie vir minder as R100.
3. Van die Hospice-winkels verkoop glasbottels vir tussen R5 en R10 'n bottel. Glasbottels kan vir baie goed gebruik word. My ma is mal daarvoor om konfynt te kook. Steriliseer die bottels deur dit in 'n pot met water te sit en laat die water kook. As die water 'n rukkie gekook het, haal die bottels uit en laat hulle self droog word. Hulle is nou reg om gebruik te word. Kook konfynt en verkoop dit by 'n basaar, by jou werk of gee dit weg as kersgeskenkies. Bak koekies en versier die bottel vir verjaarsdae of Kersfees. Jou keuses is legio.
4. Ek het 'n vriendin wat 'n klere-fundi is. Sy koop enige kledingstuk by 'n Hospice-winkel en maak daarvan 'n meesterstuk. Sy koop oorgroot toeknoophemde en sny die onderkant af, sodat die lengte van die hemp tot by haar middel kom. Dan soom sy die hemp se onderkant om en werk daarna skouer-kussinkies aan. Hierdie hemp is nou omskep in 'n baadjie. As jy nie so kundig is met 'n naaimasjien en 'n skêr nie, is daar nog vele ander idees.
5. Ek het 'n leer verkykerhouer ontdek vir R50 en gebruik dit nou as 'n klein handsakkie.
6. Juffrouens soek altyd mooi versierings vir die klaskamer. By die Hospice-winkels kan 'n mens blikke koop vir R10 of R30 vir 'n paar. Verf die blikke en gebruik dit om penne in te bêre of as 'n blompot.

Ons kan baie baat by Hospice-goedere en hulle kan baat by ons ondersteuning. Gaan besoek gerus ten minste eenkeer in jou lewe so 'n winkel - jy sal verbaas wees oor wat jy dalk daar raakloop.

#### Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Hannelie Botha (redakteur), Mari-lizé Beukes, Lize-Marie Labuschagne

Foto's vanaf [www.pixabay.com](http://www.pixabay.com) tensy anders vermeld.

Ander grafika van [www.flaticon.com](http://www.flaticon.com)

Indien u nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na [admin@nhsv.org.za](mailto:admin@nhsv.org.za)

 <a href="http://www.nhsv.org.za">www.nhsv.org.za</a>	 Posbus 111, Worcester, 6849	 <a href="mailto:diechristelikevrou@gmail.com">diechristelikevrou@gmail.com</a>
 <a href="https://www.instagram.com/diechristelike">diechristelike</a>	 <a href="https://www.youtube.com/ChristelikeVrou">Christelike Vrou</a>	 082 923 9439